**Skriflesing: Filippense 2 vers 1 tot 11**
**Tema: 'n Familie dien soos Jesus: Nie hamergooiers nie, maar voetewassers**

Die skrywer Chesterton vertel in sy kortverhaal "Die hamer van God" van 'n baasspeurder, ene Vader Brown, wat die vermoë gehad het om soos 'n ware Sherlock Holmes feitlik alle moordraaisels op te los. Op 'n keer is iemand in 'n klein dorpie, skynbaar helder oordag, wreed met 'n hamer in die middel van 'n straat doodgeslaan. Almal het onmiddellik die dorpsmid verdink, veral omdat hy en die vermoorde nie langs dieselfde vuur gesit het nie, openlik 'n afkeer aan mekaar gehad het en in die openbaar mekaar al met die dood gedreig het. Vader Brown het in sy ondersoek gou agtergekom dat die moordenaar nie die dorpsmid was nie, maar die dorpspredikant. Meer nog: hy was die broer van die vermoorde.
Die predikant het 'n eienaardige gewoonte gehad: 'n groot deel van die dag het hy tot in die hoogste toring van die katedraal geklim vanwaar hy alles en almal kon sien. Vandaar het hy al sy lidmate se booshede gemonitor. Sy broer was nie eintlik 'n engel nie, en dag vir dag het die predikant gesien hoe sy broer lieg en bedrieg, kul en mense indoen. En toe, op 'n dag, het alles vir die predikant te veel geword: toe sy broer onder die toring verbystap het hy in sy woede 'n hamer opgetel en afgegooi tot op sy broer se skedel, en hy het onmiddellik gesterf.
Toe hy gearresteer is, het Vader Brown hom goed die leviete voorgelees. Kerktorings, het hy gesê, is vingerwysings na God. Hulle wys, simbolies, na bo. Hulle laat ons dink aan God wat oor ons die wag hou. Kerktorings is nie daar om van bo na onder te kyk nie, maar van onder na Bo - na God toe. Verder, het hy gesê, moet dié wat deel wil wees van God se kerk altyd onthou dat wie aan God se kerk behoort, onder die heerskappy van Christus val, en sy heerskappy is nie een van mag en geweld nie. Nee, Sy heerskappy is eerder een van liefde, deernis, versoening en diensbaarheid.
Wie deel van God se kerk wil wees, mag daarom nie in die plek van God, of selfs namens God, hamers van oordeel van bo af gooi op skelms en skurke nie. Wie die Here volg, mag nie hamergooiers wees nie, maar wel voetwassers.

Ons leef in 'n wêreld waarin daar 'n reuse geveg is om op die troon te kom en te bly. Ons jaag na eerste, die beste, grootste en meeste. Mag en status moet ten alle koste behou word. Ons word opgeroep om te regeer en reguleer. Behou jou greep op dinge. Bly in beheer, in hemelsnaam, bly net in beheer!

Jesus het ken al in Sy tyd hierdie tendens geken. Ons lees in Markus 10 vers 42 tot 45:
"42Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik.
43Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees;
44en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees.
45Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Jesus was nie deel van hierdie stryd nie. Van Hom lees ons in Filippense 2 vers 6 tot 8 (Boodskap): "6Jesus staan in status op gelyke voet met God. Hy was egter nie so vol van Homself dat Hy tot elke prys aan dié status wou vasklou nie.
7Toe die tyd ryp was, het Hy die status en eer wat Hy gehad het eenkant toe geskuif. Hy het 'n mens tussen mense geword. Asof dit nie genoeg was nie, het Hy sommer 'n gewone mens geword wat op die oog af nie uitsonderlik gelyk het nie, ja, iemand van wie baie ander mense niks gedink het nie.
8As mens onder mense het Hy die pad van vernedering nog verder geloop. Dit sou Hom uiteindelik by die dood aan die kruis uitbring. Wat 'n vernedering! God het dit egter van Hom gevra en Hy het die pad van vernedering gehoorsaam enduit geloop."

Die kind van God het 'n slaaf geword sodat ons, wat slawe van sonde was, kinders van God kon word. Hy is onselfsugtig, selfopofferend en nederig.
Ons hoor dit ook in sy eerste 3 kruiswoorde. Hoor hoe Hy pleit vir hulle wat Hom gespot, gespoeg, met 'n doringkroon gekroon en aan 'n kruis gespyker het: "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie!" (Lukas 23 vers 34)

As ‘n moordenaar aan die kruis langs Hom by Hom pleit om genade, dan antwoord Hy: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (Lukas 23:43)

Sterwend aan die kruis is Hy steeds bekommerd oor ander mense: Vir sy moeder Maria sê Hy: "Daar is u seun” en vir Johannes sê Hy: “Daar is jou moeder" (Johannes 19 vers 26 tot 27)

Maar ons kan nie net sien wie Jesus is en Hom daarvoor bewonder nie. As sy volgelinge moet ons al meer word soos Hy is. Tot elkeen van ons kom die oproep in Fil 2:3-5: “[3]Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. [4]Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. [5]Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:”

In ‘n wêreld waarin regeerders baasspeel en groot manne hul mag misbruik, waar loop ons Jesus raak? Hy is soms tussen die regeerders en die groot manne, maar as jy Jesus wil volg, moet jy weet: magtige en heersende mense pas nie in by die aard en styl van God se heerskappy nie.

Ons vind Hom ook tussen sy volgelinge.

Maar wie Hom wil volg, werklik wil volg, moet afklim van hulle troontjies en torinkies om tussen mense te gaan staan - in mense se gebroke en bloeiende wêrelde, in die strate en stegies waar die massas, die sogenaamde gewones, met hulle lewens uitroep in hulle nood, al besef hulle dit soms nie eers nie. Ja, wie Jesus op Sy kruisweg wil volg, moet Hom gaan soek en volg daar waar Hy geloop het: tussen die gebrokenes, die gevangenes, die vreemdelinge, die naaktes, die siekes, die hulpeloses, soos Hy dit in Matteus 25 stel.

Om voete te was begin by die mense naaste aan ons. In ons huwelike moet dit gaan oor my maat en my kinders se belange en behoeftes bo my eie. Op die skoolgrond moet ek soms tussen my vriende uitbeweeg na die eenkant-seun of -dogter. By die werk moet ek die persoon wat soms teen my grein ingaan, dien met ‘n vriendelike groet of ‘n glimlag. Ek moet bereid wees om die dienaars, die petroljoggie, die karwag, veilgheidswag of persoon agter die kasregister, te dien. Dit is nie menslik moontlik nie. Hoe gaan ek dit regkry om uit my toring af te klim en te dien? In Markus 10:45 het ons gelees: “[45]Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Die bekende teoloog, Van Ruler, het oor hierdie een versie ‘n baie aangrypende stukkie geskryf. God, sê hy, vra hier nie van ons om in die eerste plek ander mense te gaan dien nie. Dit is die tweede stap. Die eerste stap, sê hy, is baie belangriker: dat ons moet raaksien dat ons, sondige en onheilige mense, deur die heilige God gedien word!
Hierin, sê hy, lê vir ons die bevryding. Die wete dat God se Seun ons dien. Hierdie wete bevry ‘n mens van jou selfsug, van jou strewe om ten alle koste bo uit te kom, om tot elke prys alles en almal te beheer en alles te wil reguleer soos dit jou en jou planne pas. Ja, as jy hoor, weer en weer, dat God jou kom dien het met sy Seun, bevry dit jou van die behoefte om oppermagtig te wil wees en dit leer jou om uit genade te leef. Die wete dat God ons dien, bevry ons om diensbaar te word, om plaasvervangend, versoenend, dienend en voet-wassend in die wêreld te staan.
Ons sal Jesus Christus nooit in ‘n hoë toring met ‘n hamer in sy hand vind nie. Nee, Hy staan tussen sondige, gebroke en behoeftige mense. Hy sê nooit: “eers my eie dinge, dan joune nie.” Hy hang aan ‘n kruis om ons te dien, sodat ons kan gaan dien.
Is jy, soos Hy, ‘n voetewasser of is jy ‘n hamergooier?
**Amen**